## BOEKBESPREKINGS

*Den Boer, W.; Hugenholtz, F. W. N.; Locher, Th. J. G.*: Gestalten der Geschiedenis — in de Oudheid, de Middeleeuwen en de Nieuwe Tijd. f13.90, pp. 252. Bert Bakker/ Daamen N.V./Den Haag, 1960.

„De historicus uit het verleden onderricht het nageslacht". In hierdie werk gee die skrywers — drie hoogleerare van die universiteit van Leiden — 'n sintese van die „lesse" wat elkeen op sy eie terrein van studie van sy voorgangers geleer het (p. 5). Dit is nie 'n omvattende handboek nie, maar is gebaseer op 'n persoonlike keuse van outeurs. By die indeling is essensiële temas in die geskiedenis en problematiek van die historiografie aangepas by die outeurs of „gestaltes" wat in hoofsaak die vorm van die inhoud bepaal. In die eerste twee gedeeltes is dit opvallend en kan die leser hom verdiep in studies o.a. van Thucydides, Polybius, Livius, Tacitus, Lucas, Augustinus en Eusebius (den Boer): of van Gregorius van Tours, Beda Venerabilis, Otto van Freising en Jean Froissart (Hugenholtz). In die laaste gedeelte is die behandeling uiteraard minder getrou aan hierdie opset; die moderne historiografie is saamgeweef met wysgerige leerstellinge, denkrigtings, strominge en reaksies, waaraan Locher ruim aandag moes gee vir die leser om bv. Ranke, Lasaulx en Toynbee te verstaan en te waardeer.

Helder en insiggewend word die tiperende denkwyses — in 'n sekere sin die „levensbeschouwlijke patronen" (den Boer, Tussen Kade en Schip, p. 110) — van die Oudheid, Middeleeue en moderne tyd soos dit neerslag vind in die historiografie, onder skei. Die klassieke geskiedskrywing staan onder die invloed van die sikliese geskiedopvatting. Op grond van die herhaling van soortgelyke gebeurtenisse, „toiauta kai paraplèsia", beskou Thucydides sy werk as 'n besit vir alle tye (p. 44, oor Thucydides se teoretiese grondslae). Die agtergrond van hierdie denkwyse word deur den Boer teruggevind in die jaarlikse terugkerende ritus, bv. by die altaar van Artemis-Orthia, d.w.s. in die herhaling van mitiese gebeurtenisse uit die lewens van gode. Lank voordat die voorstelling van herhaling of kringloop uitgewerk was in 'n teorie van die geskiedenis (bv. by Polybius, p. 56), het dit die kyk van die Griek op die verlede beïnvloed (p. 9 e.v.; 22 e.v.; vgl. 90). By die vroeë-christelike historiografie egter word die beeld van die sirkel vervang deur dié van die reguit lyn tussen die fases van Gods heilsplan — kruisdood, opstanding, hemelvaart, wêreldgerig (p. 90 e.v.; vgl. 114). In die plek van herhaling tree nou „Einmaligkeit" (p. 91). Hierby sluit die Middeleeuse historiografie aan (p. 113); en omdat dit net soos die vroeë-christelike gebaseer is op heilsfeite wat vir alle mense van belang is, dra dit 'n universele karakter. Namate die Westerse denke in die moderne tyd losraak van die christelike patroon, kom daar 'n terugkeer na die geskiedbeskouing van die kringloop. Dit is die tema van Locher se slothoofstuk, „Het eeuwige rad van de tijd", 'n voortreflike uiteensetting van die „organiese" opvatting by kultuur-pluraliste soos Danilevski en Spengler (p. 226 e.v.).

Die behandeling van outeurs binne die raamwerk van die drie hooftydsindelings is simpatiek en in perspektief. Den Boer ken aan Lucas sy regmatige plek toe as historikus in die wetenskaplike tradisie van die Grieks-Romeinse geskiedskrywing (p. 83 e.v.). Lucas volg dieselfde metode as Thucydides en Tacitus by die weergawe van redevoeringe (p. 38 e.v.; pp. 70 en 79 — nl. „de ‚strekking' vast te houden"). In sy studie van Gregorius waarsku Hugenholtz die leser teen die modern-kritiese maatstawwe t.o.v. liggelowigheid, of t.o.v. die ruim gebruik van 'n voorganger in die Middeleeuse historiografie (pp. 106 en 118). Die Middeleeuse outeur, verduidelik hy, verrig nooit 'n persoonlike ondersoek van die verlede en probeer nooit om 'n eie kyk te verwerf op 'n deel van die verlede nie; die moderne navorser daarenteen is vry om hom by enige tydperk te bepaal (p. 119). Hierop kom Locher later terug: die beslissende faktor in die moderne geskiedeniswetenskap, afgesien van dokumentasie en kritiese bronne-ondersoek,

is 'n geestelike verplasingsvermoë, „een orgaan voor het verstaan van mense, tijden en culturen die geheel anders zijn dan die nabije en eigene" (p. 187 en 192, vgl. sy opmerkinge oor „historisme", pp. 193 en 199, kritiek op Ranke).

„Historie en leven". Die basiese funksie van die historiografie verg aandag by historici van alle tye. In die beskouing van die oudheid is die historiografie nie van die lewende werklikheid te skei nie: „historie om haar selfs wil komt in die Oudheid niet voor" (Den Boer, p. 50). Daarom het Polybius geglo dat geskiedskrywing die funksie is van politici (p. 52; vgl. Locher, p. 187: „niet de geleerden schreven geschiedenis maar de staatslieden"). By die Romein dien die historiografie om luister te verleen aan die grootheid van Rome, by Livius bv. deur die voorbeeldige of paradeigmatiese waarde van historiese figure te beklemtoon (p. 59 e.v.; vgl. Nietzche, p. 206). In die wêreldgeskiedenis soos in die Middeleeue beoefen, is die funksie van die historiografie plaasbepalend, „ . . . duidelik te maken waar men staat in de grote geschiedenis der mensheid" (p. 113, bv. Gregorius). Die plaasbepalende funksie van die moderne geskiedeniswetenskap, om nl. perspektief te gee in die huidige kritieke situasie waarin die mensdom hom bevind, is die tema waarmee die boek afsluit (p. 242 e.v. Locher oor „Wereldgeschiedenis in die vergelijkende zin"). Moderne verwetenskapliking het gelei tot spesialisering en verenging van die gesigsveld (p. 200). Die historikus is derhalwe gekonfronteer met die uitdaging om 'n visie op die geheel te bly behou en dit aan te gee, „want het leven blijft om historie vragen" (p. 203).

Ons het hier te doen met 'n gedagteryke en perspektiverende werk oor die historiografie in sy geheel. Die skrywers het daarin geslaag om in die drie dele eenheid en kontinuïteit te bewaar. Aantekeninge verskyn aan die end van elke hoofstuk met verwysings na die basiese publikasies oor elke afsonderlike faset. Hierdie gesamentlike poging van die drie Leidse hoogleraars is 'n aansporing vir die historikus om wyer in die historiografie te lees as net sy besondere gebied.

C. P. T. Naudé.

*Pankhurst, Richard*: An Introduction to the Economic History of Ethiopia from early times to 1800, pp. 454, Sidgwick and Jackson, Ltd., London, 1961.

The title of this volume is misleading in its modesty: closer acquaintance reveals that financial and commercial data, although given their proper place, do not dominate the scene. In fact, Professor Pankhurst ushers in his survey with a general historical introduction of 90 pages that is followed by more than thirty chapters under the heading "Economic and Social Life 1300-1800". It is the skilful interweaving of *social* and economic conditions in the setting of the political background that makes the book readable and instructive. The non-specialist will probably derive most profit from those chapters that deal with influences from abroad, foreign commercial contacts, access to the sea and the founding of a fixed capital at Gondar in 1636. There is a comprehensive bibliography of published works on early Abyssinia — mainly the accounts of Arab, Venetian and Portuguese visitors.

Professor Pankhurst shows that over the centuries the tempo of progress in Ethiopia was slow, that social life was circumscribed and that, despite outside influences, economic advancement was limited. The antiquity of tradition, he observes, may inspire pride in the Ethiopian nationalist of today but the scholar will arrive at the conclusion that "the Golden Age lies not in the Past". We are promised a further volume that will carry the survey into the present century. Perhaps the author will aim at greater flexibility in his next volume; the first volume leaves an impression of over-rigid attachment to a pre-conceived pattern. Short chapters have been included (e.g. a page on church schools) which seem interjectional and might well have been absorbed in the general introduction.

Since Abyssinia lay close to the sea on a main route between East and West,

it was by no means an isolated region in early medieval times. The author reminds us of the factors that forced the country into the seclusion of centuries. The Arabs overran North Africa and the lands across the Red Sea and severed the old overland trade routes as well as the religious line of communication with Jerusalem. Ethiopia, largely converted to a form of Christianity during the fourth century, was sundered from the rest of Christendom. Asylum granted to exiled followers of the Prophet seems to have saved it from the later great wave of Islamic conquest. Arab supremacy around the borders of Ethiopia gave way to that of the Turk and these fierce neighbours seized Massawa and other Ethiopian seaports on the African shore. Turkish inroads and the insecurity and unhealthy climate of the low-lying regions led the Ethiopians to withdraw inland to their mountainous and fertile plateau. For a time they were succoured against Arab and Turk by fellow-Christians, the Portuguese, and Cristovao da Gama, son of Vasco, was killed in 1541 whilst leading an expedition that came to their aid. Yet Portuguese mastery of the Indian Ocean also served to increase Ethiopia's isolation, for the monsoon trade with India and the Far East dwindled and the Red Sea lost its former importance as a commercial route. The Portuguese connection also resulted in the entry of the Jesuits; the propagation of the Roman Catholic faith "evoked stubborn resistance from a proud people unwilling to bow to alien pressure" and the Jesuits were expelled in 1632.

The University of Addis Ababa was founded in 1950 and uses English as its medium of instruction. Professor Pankhurst, a descendant of the famous suffragette, Emmeline Pankhurst, is on the staff of this new university and has undertaken a sober pioneering venture into the past of the land of his adoption.

A. M. D.

*Van Tonder, Dr. J. J.* (red.): Veertien Gedenktekens van Suid-Afrika, pp. 149, 16 pp. foto's, Nasionale Boekhandel Bpk., 1961.

'n Volk wat geen helde het om te vereer, kan nie lewe nie; 'n volk wat sy helde nie eer nie, is nie werd om voort te bestaan nie.

Onder redaksie van dr. J. J. van Tonder bespreek vooraanstaande deskundiges 'n veertiental van ons gedenktekens. Elkeen van hierdie skrywers is deur belangstelling, sy werk, of op ander manier direk of indirek by die standbeeld(e) wat hy bespreek, persoonlik betrokke. Van elke monument vind ons 'n beskrywing uit die geskiedenis waarvoor dit opgerig is, 'n verslag van die inhuldiging en 'n bespreking van die gedenkteken self. Die illustrasies hierby is goed gekies. Van elke monument is daar minstens een, waar nodig soms meer afbeeldings, sodat ons 'n baie duidelike beeld daarvan kry.

Mens sou verwag dat hierdie boek, wat deur so 'n groot aantal skrywers gesamentlik tot stand gebring is, 'n neiging tot versplintering in heeltemal los van mekaar staande stukke sou vertoon. Dis egter opvallend dat dit hier, vir eenkeer, glad nie die geval is nie. Is dit die ondernemingslus en vryheidsgedagte wat by elkeen van hierdie monumente die agtergrond vorm, wat ook die verskillende medewerkers onbewus by mekaar gehou het?

Die boek is netjies uitgegee in 'n aantreklike band, met baie duidelike foto's. Dis baie handig vir skoolgebruik en hiervoor kan dit baie sterk aanbeveel word. Tog is dit meer omvattend as net 'n voorligting vir onderwys. Sommige hoofstukke is duidelik met entoesiasme geskrywe en hier en daar vind ons 'n beskrywing wat ontroerend is.

Net een opmerking. Dit is opvallend dat juis die monument wat ons baie na aan die hart lê, die Kruger-standbeeld in Pretoria, nie genoem is nie. Gelukkig bestaan daar oor hierdie gedenkteken die uitvoerige studie van dr. J. H. Breitenbach (*Die Geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, Pretoria, 1954). Nogtans wil ons ons aansluit

by die wens wat die Staatspresident in die voorwoord uitspreek, nl. dat ook oor ons ander monumente en standbeelde 'n dergelike werk opgestel sal word.

N.

*Krüger, D. W.*: The Age of the Generals. A short Political History of the Union of South Africa, 1910-1948. Second Impression, pp. 229, Dagbreek Book Store, Johannesburg, 1961.

Dat bogenoemde, nou reeds alombekende, boek van Prof. Krüger soveel aftrek gekry het dat daar al reeds 'n tweede druk verskyn het, is m.i. 'n bewys daarvan dat dit aan 'n behoefte voorsien en dat dit ongetwyfeld sekere intrinsieke kwaliteite besit wat die leser aantrek.

Reeds lang word Suid-Afrikaanse geskiedskrywers kwalik geneem dat die geskiedenis van die twintigste eeu verwaarloos word. Die verweer is dan gewoonlik dat oor die resente verlede nog geen objektiewe geskiedenis geskryf kan word nie, dat die bronne nog nie beskikbaar is nie en so meer. Tog is dit 'n feit dat die gewone leser meer belangstel in die resente as in die veraf verlede. Daar is nou eenmaal iets aantrekliks in om van dinge te lees waarvan jy nog 'n persoonlike herinnering het of wat as persoonlike herinnering deur tydgenote aan jou vertel is. Dit is m.i. die plig van die historikus om in hierdie behoefte te voorsien, al weet hy dat met sy werk nie die laaste woord oor die onderhawige onderwerp gesê kan word nie.

Prof. Krüger het m.i. dan beslis in 'n behoefte voorsien waar hy hier 'n samevattende verhaal gee oor 'n tydperk waarvan die feite voorheen slegs in uiteenlopende geskrifte te vind was.

Maar die boek het ongetwyfeld ook ingeslaan vanweë sy intrinsieke waarde. Dit is 'n interessante tydperk en het 'n dankbare onderwerp gevorm. Die boek gee weliswaar slegs 'n populêre oorsig van die tyd en berus nie op diepgaande en uitgebreide navorsing nie. So is dit ook nie bedoel nie. Die skrywer sal waarskynlik die eerste wees om dit toe te gee. Dit is egter vlot en boeiend geskryf; die skrywer is gebalanseerd in sy oordeel en handhaaf 'n opvallende objektiwiteit.

Die populariteit van die werk is seker nie in 'n geringe mate daaraan te danke dat beide titel en inhoud verbind is aan die drie persone, genls. Botha, Hertzog en Smuts, wat meer as enige ander die tyd oorheers het en tans nog die verbeelding prikkel.

As kritiek kan miskien aangevoer word, dat waar die skrywer die geskiedenis van 'n tydperk wou weergee, dit te veel die geskiedenis van die rol van die drie figure binne die tydperk geword het. Hoewel dit, soos in die ondertitel aangedui, 'n politieke geskiedenis is, bring die skrywer sekere ekonomiese en kulturele faktore ook ter sprake. Dit was ook nodig dat hy die reaksie van die verskillende bevolkingsgroepe moes verklaar. Dat hy die beste daarin slaag wat die reaksie van die Afrikaners betref, is, gesien sy agtergrond, verklaarbaar. Wat betref die Engelse bevolkingsgroep, slaag hy nie so goed daarin nie. Net so kom hy ook nie tot 'n helder ontleding van die ontwikkeling en politieke sentiment by die nie-blanke bevolkingsgroep nie. Maar miskien is dit te veel om dit ook nog te verwag in 'n boek van hierdie omvang.

Nogmaals, prof. Krüger het ons 'n diens bewys deur hierdie helder en onpartydige verslag op te stel van die eerste 38 jaar van die Unie van Suid-Afrika, wat tenslotte slegs 51 jaar oud geword het.

F. S.

*Beloch, Karl Julius*: Bevölkerungsgeschichte Italiens, Band III, XVI, 401 pp., D.M. 68, Walter de Cruyter en Kie., Berlyn, 1961.

As gevolg van die Tweede Wêreldoorlog het hierdie derde deel van Beloch se werk eers 30 jaar na sy dood en 20 jaar na die verskyning van die tweede deel die lig gesien. Die uitgewer van die eerste twee dele, Gaetano de Sanctis, het na jarelange

arbeid aan die derde deel, die boek aan 'n volgende moes oorhandig weens 'n oogkwaal en self hierdie uitgawe nie belewe nie. Die boek verskyn dan tenslotte onder die redaksie van Luigi Pareti en Wolfgang Hagemann.

Soos die titel aandui is die boek slegs 'n *bevolkings*geskiedenis van Italië — vanaf die laat middeleeue tot die 19de eeu. In hoofsaak kom dit neer op 'n ontleding en bespreking van die bevolkingsyfers van die verskillende Italiaanse stede en state oor die eeue heen; o.a. van die Republiek Venesië, die Hertogdom Milaan en die state Piemont, Genua, Korsika en Sardinië, om tenslotte 'n samevatting te gee van die gesamentlike bevolking van Italië.

Die boek berus op deeglike en jarelange argiefnavorsing. Dit is hoofsaaklik 'n geskiedenis van getalle maar daaraan gekoppel is interessante historiese feite wat die styging en daling van die getalle beïnvloed het. Veral insiggewend is die geweldige rol wat die periodieke pesepidemies in die lotgevalle van die Italiaanse volk gespeel het — 'n faktor wat 'n mens gewoonlik geneig is om te verontagsaam.

F. S.

*Swanberg, W. A.*: First Blood: The Story of Fort Sumter, pp. 373, Longmans, London, 1960.

The bombardment of Fort Sumter in April, 1861 by Confederate batteries was the final rash act by which the South threw off the last vestiges of its allegiance to the United States government in Washington. From 1829 the Federal government had periodically constructed various fortifications to guard Charleston Harbour, South Carolina, from potential maritime enemies. In 1861 these earthworks and batteries were grossly undermanned and either derelict or incomplete. Little was it then foreseen that South Carolina, one of the original thirteen colonies, would be the first state to secede from the Union and that the forts at Chareston would be the last symbols of Federal authority that would remain in a rebel territory: It was as if the Cape Province had proclaimed its independence — with Robben Island as the only isolated spot over which the South African flag still flew.

The weak Federal garrison evacuated all its other positions at Charleston and concentrated at Sumter, a pentagonal fortress on a small island, commanding the entrance to the harbour. During four months of intermittent parleying the Sumter garrison was not reinforced and helplessly watched Confederate batteries being mounted on surrounding positions on the mainland and adjacent islands. The Federal government leaned over backwards in its attempts to avert an outright clash. Eventually there was a tardy and ham-handed attempt to reinforce the fort, followed by a Confederate ultimatum that was rejected. Then followed the bombardment.

Major Robert Anderson, the U.S. commander of Sumter, provided an object lesson in loyalty. A man of deep piety, by background and conviction he was a Southerner; yet Anderson revealed a fealty to the Union that overrode his personal sympathies and allayed all misgivings in the Federal capital.

Sumter was battered incessantly for thirty-three hours by 650 rounds of shot and shell that crashed into its walls and casemates to reduce it to a smouldering ruin. Eventually, with its food supplies and ammunition exhausted, the fort ceased to utter defiance. In accordance with orders from Washington, Anderson surrendered Sumter and was permitted to evacuate it by sea with military honours. His defence had been more than a token one and he became a hero of the North overnight. An extraordinary feature of the action was the absence of serious casualties on either side. Fort Sumter was thus inscribed on the ominous roll of names associated with the outbreak of mighty conflicts in the modern era — Ems, Serajevo, Danzig and Pearl Harbour.

Swanberg, an American writer of Scandinavian descent, has not confined himself to a stirring description of a martial episode. Most of his well-documented study is

given over to the devious negotiations of the politicians. The feeble Buchanan administration lived out its last months in an atmosphere of listlessness and intrigue and the dissident South was given every opportunity to conspire and organise its secession. Into this chaos stepped the untried Abraham Lincoln. With his assumption of office came the swift recognition on both sides that the years of vacillation had ended. Four blood-stoned years later, Anderson, with mingled emotions, was to see the Stars and Stripes again hoisted over the rubble of Fort Sumter.

A. M. D.

*Hofmann, Hans Hubert*: Der Hitlerputsch. Krisenjahere Deutscher Geschichte. 1920-1924, pp. 336, Nymphenburger Verlagshandlung. München, 1961.

Vir die eerste keer in die geskiedenis het die jong Duitse historikus H. H. Hofmann 'n poging aangewend om op onbevooroordeelde wyse 'n diepgaande ondersoek in te stel na die oorsake van Hitler se optrede in München op die gedenkwaardige 8 November 1923, die gebeure op daardie dag self en die gebeurtenisse wat daarop gevolg het.

Allereers gaan die skrywer diep in op die probleem in verband met die skryf van die geskiedenis van die resente verlede, die invloed van propagandistiese geskiedskrywing op die gebeure, die beskikbare boustowwe en bronnekritiek.

Dan kom die verwarde na-oorlogse Duitse samelewing aan die beurt waarin radikale groepe, van links en regs, pogings aangewend het om die Weimarregime 'n ontydige dood te laat sterf. Ook was daar geen eenheid van strewe tussen die sentrale regering en die staat Beiere nie. Nie alleen het dit dikwels aan samewerking tussen Berlyn en München ontbreek nie, maar in Beiere was ook, gedeeltelik as gevolg van die lig ontvlambare volksaard, al die uiteenlopende partye, groepe en rigtings 'n vrugbare voedingsbodem gevind.

Hierdie omstandighede het dit vir Hitler moontlik gemaak om invloed te verwerf en aanhangers te vind.

Die skrywer wys o.m. daarop dat die Ryksregering nie by magte was om orde in die Beierse chaos te skep nie. Hitler het in November 1923 beoog om 'n nuwe diktatoriale Ryksregering in München uit te roep en hierdie regering sou dan die mag in Berlyn oorneem. Generaal Ludendorff sou dan die nuwe diktator van Duitsland word. In teenstelling met wat o.m. later deur Nasionaal-Sosialistiese skrywers beweer is, was Hitler tevrede om in hierdie proses slegs as agitator op te tree.

Uitvoerig beskryf die skrywer die verloop van die gebeurtenisse op daardie dag. Soos bekend is Hitler weens hoogverraad tot 'n tronkstraf van vyf jaar veroordeel en het hy tydens sy verkorte strafperiode in Landsberg *Mein Kampf* geskryf. Die skrywer het daarin geslaag om die mite wat in die loop van die jare in verband met Hitler se optrede op 8 November 1923 en die hofsaak ontstaan het, tot die regte perspektief terug te bring. Hy kom ook tot die belangrike gevolgtrekking dat Hitler se optrede tot 8 November 1923 'n deel van die geskiedenis van die na-oorlogse Duitsland vorm. Daarna het Hitler doelbewus 'n nuwe rigting ingeslaan, nl. die opbou van 'n organisasie en stelsel wat 'n regstreekse greep na die mag in Duitsland beoog het.

*Der Hitlerputsch* is, veral as gevolg van die wetenskaplike verantwoorde wyse waarop dit geskryf is en die konsekwente strewe om die historiese waarheid vas te stel 'n besonder belangrike werk met betrekking tot die geskiedenis van die na-oorlogse Duitsland en die beginjare van die opkoms van Hitler en die N.S.D.A.P.

Jan Ploeger.

*De Jong, O. J.*: De Reformatie in Culemborg, pp. 288. Van Corcum's Historische Bibliotheek, nr. 55. Assen. sj.

Danksy die burgemeester van die geboortestad van Kommandeur Jan van Riebeeck is ons onlangs opmerksaam gemaak op die bestaan van hierdie voortreflike studie. Tot die begin van die Franse oorheersing van Nederland (1795) was Culemborg, waarvan

die naam volgens dr. De Jong op nie minder as 38 verskillende maniere gespel word nie, 'n onafhanklike graafskap in die Nederlandse Republiek. Die eerste Graaf van Culemborg was Floris van Pallandt (-1589), sy opvolger sy gelyknamige seun (-1639) en daarna het Graaf Philipp Theodor von Waldeck die graafskap geëerf.

Van die begin van die Hervorming het Culemborg nie veel gevoel nie. Belangrik is die gegewens oor Culemborg wat tydens die besoek van die kerklike visiteurs (1570) opgestel is om 'n duidelike insig veral ten opsigte van die posisie van die Katolieke in die stad te verkry. Tot 1577 is in Culemborg die verbreiding van die Hervorming belemmer, tot ongeveer 1600 sterk bevorder en daarna het die plaaslike maghebber hom taamlik neutraal ten opsigte van die verdere invoering en versterking van die nuwe leer gedra.

Daar is reeds op een belangrike dokument, die gegewens in verband met die kerklike visitasie van 1570, gewys. Wat ons verder veral geboei het, is die beskrywing van die rol van die kerkorrel, wat veral vir wêreldlike doeleindes gebruik is en 'n tydlank deur die Calviniste vir suiwer kerklike doeleindes uitgeskakel is. Die boek as 'n geheel is 'n welkome aanwins met betrekking tot die wel en wee van Van Riebeeck se geboortestad tydens die reeds genoemde tydperk. Die skrywer verwys na J. A. Stoop se bydrae oor die kerklike lewe in Culemborg (bl. 288).

In dié verband verwys ons ook na prof. dr. A. van Selms se artikel *Die geboortestad van Jan van Riebeeck* wat in die *Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika* (1952) verskyn het en vir die oningewyde, belangstellende leser gerus as 'n inleiding gebruik kan word.

Jan Ploeger.

*Pama, C.*: Rietstap's Handboek der Wapenkunde. Vierde geheel omgewerkte en nieuwe uitgaaf, met heraldische woordenlijst in Frans, Engels, Duits en Afrikaans; pp. VII, 369, met gekleurde titelplaat en 123 afb.; E. J. Brill, Leiden 1961. Prys: f27,50.

In die vorige eeu het die heraldiese wetenskap in Nederland op 'n baie lae peil gestaan. Die belangstelling was klein, die vakkundige terme was vaag en in baie gevalle onbegryplik, terwyl wapens dikwels beskrywe is in 'n styl wat heeltemal onleesbaar was.

Dit was die heraldikus J. B. Rietstap (1828-1891) wat in hierdie onbevredigende toestand 'n groot verandering gebring het. Sy handboek oor die wapenkunde wat in 1856 verskyn het, 2e onveranderde druk 1875, het nie net 'n vaste grondslag vir die heraldiese wetenskap geword nie, maar dit het ook baie daartoe bygedra dat die algemene belangstelling vir hierdie vak herlewe het. Bowendien het Rietstap aan die handboek 'n lys van vakterme toegevoeg. Hierdie woordelys het duidelike uitdrukking beoog en het voorkeur gegee aan Hollandse woorde, waarvan party deur die skrywer self vir die eerste keer gebruik is, bo uitheemse of vervormde uitdrukkings. Die heraldiek was deur hierdie handboek ook op 'n meer nasionale grondslag geplaas.

Vir meer as 'n driekwart eeu het Rietstap se boek die groot standaardwerk gebly. Maar die wetenskap het nie stilgestaan nie, ook nie op heraldiese gebied nie. Dit het meneer C. Pama, ons sou gerus kan sê Rietstap se opvolger, laat besluit om die ou handboek om te werk en op datum te bring (Leiden, 1943). Nou, weer amper twintig jaar later, het die vierde druk verskyn.

In vergelyking met die vorige uitgawe, wat onder moeilike ekonomiese omstandighede verskyn het, is hierdie nuwe druk 'n groot verbetering wat die uiterlik betref. Die papier is van goeie kwaliteit, die afbeeldings is mooi skerp en daar is nou 'n titelplaat in kleur. Die lettertipe wat gebruik is, is tersake en dit maak 'n aantreklike indruk. Die boek het 'n aangename oranje-bruin omslag en is stewig gebind.

Maar dit is nie al nie. Ook hierdie vierde druk is weer heeltemal omgewerk en

dit is, soos die sub-titel dit ook tereg noem, daadwerklik 'n nuwe uitgawe. Terwyl die vroeër boek nog Rietstap se werk was, aangevul deur Pama, is hierdie nuwe uitgawe tog wel baie duidelik die werk van Pama self. Dat die skrywer hierby steun op 'n grondslag wat langer as 'n eeu gelede gelê is, verander niks aan die feit dat dit grotendeels sy eie werk is nie.

Ook die heraldiese woordelys is op datum gebring in Frans, Engels, Duits en, wat vir ons in die Republiek van besondere belang is, in Afrikaans. In elke geval waar ons taal van die Nederlandse afwyk, het Pama die Afrikaanse heraldiese term bygevoeg. Waar daar in Afrikaans van 'n beskrywingsmetode afgewyk word, is dit ook nadruklik genoem (vgl. bl. 163, 183). Taalkundig het die boek nou op 'n baie hoër peil te staan gekom: dis nie langer hoofsaaklik net vir lokale Nederlandse gebruik nie, maar dit het nou toonaangewend geword vir die heraldiese wetenskap en terminologie in die gehele Dietse kultuurkring.

Hierdie verwyding van die opset is nie net tot die woordelys of beskrywings beperk nie. Ook in die teks vind ons dat vir die eerste keer op 'n hele aantal plekke na die toestand en gebruik in Suid-Afrika verwys word. Ons land is die enigste plek waar die ou Nederlandse republikeinse heraldiek homself gehandhaaf het en verder uitgegroei het. Pama het al eerder hierop gewys[1], maar dit is sy opmerklike strewe na volledigheid wat hom daartoe gelei het om sulke feite ook in hierdie handboek te herhaal en te benadruk. Juis deur sulke aanvullings het die boek ook vir Suid-Afrika die groot bron vir die heraldiese terminologie en geskiedenis geword. Daar is 'n uitstekende bibliografie, waarin ook die Afrikaanse boeke oor die heraldiek, vrywel volledig opgeneem is.

Saam met sy vroeëre boek oor die Afrikaanse familiewapens[2] sal hierdie nuwe bewerking van Rietstap se handboek van die wapenkunde 'n groot bron van inligting word wat onmisbaar sal wees vir elkeen wat, hetsy uit belangstelling of vir studiedoeleindes, aandag skenk aan die heraldiese wetenskap en veral aan die heraldiek in ons land.

N.

*Ploeger, dr. J. en Orban, H.:* Besonderhede in verband met De Volksstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatskappy Beperk (1873-1960). pp. 40, Wallachs' Drukkers en Uitgewers Mpy. Beperk, Pretoria, 1960.

Hierdie skets waarin 'n poging aangewend word om die geskiedenis van „De Volksstem"-drukkery en sy opvolger „Wallachs Drukkers en Uitgewers Maatschappy Beperk" weer te gee, word aangebied as nommer 1 van die Staatsbiblioteek in Pretoria se Monografieë van die Drukkersmuseum.

Hoewel die skrywers nie besonderhede breedvoerig probeer behandel nie, word die geskiedenis van die koerant en die drukpers tog oorsigtelik op 'n baie nuttige en onderhoudende wyse meegedeel. By die oprigting van „De Volksstem" en die lotgevalle daarvan tydens die redakteurskap van sy sewe vooraanstaande editeurs, word kortliks stil gestaan en soos haas vanself spreek, word in die verband die meeste klem laat val op Jan F. Cilliers (1873-1888) en dr. F. V. Engelenburg wat nie minder as 40 jaar beheer oor die koerant uitgeoefen het.

As monografie is dit besonder interessant en 'n waardige inleiding tot 'n reeks wat hopelik baie byval sal vind.

A. N. P.